

Werksbevrediging is belangrik

<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1986/11/18/7/2.html>

SUID-AFRIKAANSE vroue werk hoofsaaklik om drie redes: vir selfbevrediging, vir geld, en om aan die tradisionele rol van huisvrou te ontsnap. Hoe hoër die vrou se akademiese kwalifikasies, hoe groter die drang om vir selfbevrediging te werk, toon 'n ondersoek deur die Instituut vir Mannekragnavorsing. Altesame 60 persent van alle blanke, 74 persent van alle Indiër- en 81 persent van alle bruin vroue met grade werk vandag in Suid-Afrika. In die laaste jare was daar wêreldwyd 'n groeiende tendens onder getroude vroue om te werk, en Suid-Afrika se vroue het nie agtergebly nie. In 1960 was 19% getroude Suid-Afrikaanse vroue ekonomies bedrywig; in 1970 24% en in 1980 29%. Dié inligting is verkry uit die sensusopnames wat in dié jare gedoen is. Die instituut het ondersoek ingestel na faktore wat sommige vroue aanmoedig en ander ontmoedig om te werk. 'n Steekproef is onder 2 764 stedelike wit, bruin en Indiërvroue gedoen, en inligting is van die 2 480 mans van dié vroue verkry. In die algemeen verkies vroue en mans dat die vrou 'n kameraadskapsrol in die huwelik het, maar die versorging van kinders word meestal as 'n egpaar se gesamentlike verantwoordelikheid beskou. Werkende vroue en hul mans verkies in die algemeen dat die vrou gelyk aan haar man moet staan. Gegradueerde vroue en hul mans - ongeag of die vrou werk of nie - voel ook só. Vroue wat nie werk nie, maar graag wil, het veral drie redes wat hulle verhinder: die werksituasie maak nie vir die getroude vrou voorsiening nie (geskikte deeltydse of voltydse poste is nie beskikbaar nie); die geriewe vir kinderversorging is ontoereikend; en omstandighedsfaktore, byvoorbeeld 'n gebrek aan ondervinding en selfvertroue en die feit dat haar man nie wil hê sy moet werk nie. Gegradueerde vroue wat nie werk nie se vernaamste redes is hoë belasting en gesinsverpligtinge.